IMS

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 AUG 1961
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

# INLIGTING MUNISIPALITEIT STELLENBOSCH.

- SEPTEMBER 1956 -

1. BEHUISING.

Met die aanbou van 24 woonhuise vir blankes in Kromrivieraanleg word goed gevorder.

Daar is tans voor die raad 63 aansoeke vir huise vir blankes en 455 aansoeke vir kleurlinge.

Onder die omstandighede, gee die raad ernstige aandag aan die behuising vir kleurlinge met inagneming van die behuisingsbehoeftes in hul geheel.

2. VERBETERING VAN PIET RETIEFSTRAAT BY DIE NOORD-OOSTELIKE HOEK VAN DIE PAUL ROOS GIMNASIUM TERREIN.

Die stadsraad is in kennis gestel dat die genoemde hoek skuins gemaak mag word en dat die Provinsiale Administrasie gewillig is om die nodige grond aan die stadsraad af te staan. Daar is geen beswaar daarteen dat dadelik met die verbeterings volgens planne wat deur die stadsingenieur opgestel en deur die stadsraad goedgekeur is, aangegaan word nie.

Daar is gedurende die skoolvakansie 'n begin gemaak met die werk wat baie daartoe sal bydra om die toestand geriefliker te maak vir dié wat Piet Retiefstraat gebruik en om die verkeer behoorlik te reël.

3. POS- EN TELEFOONGERIEWE VIR STELLENBOSCH.

Die publiek is waarskynlik angstig om te weet wat die uitslag is van die vertoë wat deur die raad aan Sy

2//....

Edele die Minister van Pos- en Telegraafwese gerig is in verband met beter pos- en telefoongeriewe en veral ook die moontlikheid van die instelling van 'n outomatiese telefoondiens.

Daar is nou tyding ontvang van die Minister dat hy tot sy spyt nie 'n besoek aan Stellenbosch kon aflê nie maar dat hy dit vroeg aanstaande jaar gedurende die volgende parlementsitting sal doen.

4. KOMITEE VIR DIE BEHOUD VAN OUD-STELLENBOSCH.

Daar is onlangs aan die raad meegedeel dat ook die Kommissie vir die Behoud van Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede 'n lid benoem het wat op die komitee sal dien.

Die lede van die komitee is:

Haar Edelagbare die Burgemeester, rdsl. prof. E. Theron,
Die Onderburgemeester, rdsl. prof. P.A. Theron,
wat saam met die stadsklerk die raad verteenwoordig.

Mnr. W. Fehr, wat die Nasionale Monumentekommissie verteenwoordig,
Dr. Mary Cook, die bekende deskundige op die gebied van tradisionele Kaapse argitektuur,
Mnr. L.A. Elsworth, die raad se raadgewende argitek.

Sodra moontlik, sal 'n vergadering van die komitee belê word.

5. KOLONIELAND EN KOLONIETUIN.

Daar is vroeër in I.M.S. melding gemaak van belangstelling wat daar bestaan in die oorsprong van die name „Kolonieland" en „Kolonietuin". Dit is genoem dat die oostelike deel van die grond tussen Van Riebeeckstraat en die Eersterivier as Kolonieland bekend is en die westelike deel daarvan tot by Drosdystraat as Kolonietuin.

3//...

Daar is met die Hoofargivaris van die Unie in verbinding getree en daarna met die Senior Argivaris van die Staatsargief in Kaapstad. In 'n brief, gedagteken 3 Oktober 1956, skryf die Senior Argivaris die volgende:-

„Die woord „kolonie" is in die tydperk van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie, soos ook vir 'n geruime tyd daarna, dikwels as die sinoniem van ons woord „distrik" gebruik. In die Resolusies van die Politieke Raad asook in die notule van die Stellenbosse landdros en heemrade word daar telkens na die „colonie" te Stellenbosch verwys. Dit is egter ook geskiedenis dat die kollegie van landdros en heemrade op Stellenbosch, vir die lewensduur daarvan, ook munisipale pligte uitgeoefen het, en dit wil voorkom asof die woord „kolonie" mettertyd 'n betekenisbeperking ondergaan het, sodat dit meer spesifiek op die dorp Stellenbosch betrekking gehad het. Ons vind dan ook dat die woord in die ou geskrifte gebruik word om enige terrein wat onder die gesag van die Stellenbosse landdros en heemrade geressorteer het, te kwalifiseer. Ons wil hierdie stelling met behulp van voorbeelde nader verduidelik.

In die notule van die landdros en heemrade van 11 Junie 1694, 15 Mei 1698 en 28 Maart 1790 word daar van die „colonies huizen" gewag gemaak. Dit was geboue wat nie slegs die drosdy en bybehorende geboue ingesluit het nie, maar ook huurhuise wat die eiendom van die „kolonie" was en wat ten bate van die „kolonieskas" verhuur is. Op 24 Julie 1709 het die landdros en heemrade 'n reglement uitgevaardig wat bepaal het dat die „colonie" (waarmee 'n aangewese stuk dorpsgrond bedoel is) met eikebome beplant moes word. Die genoemde reglement het egter ook neergelê dat bome wat verdor deur ander vervang moet word. Daar moes dus 'n persoon wees wat oor die vordering van die bome toesig moes hou om seker te maak dat die dooie bome vervang word. Hierdie taak is aan die „Opzigter van 's Colonies werken" opgedra. Op 28 Februarie 1718 lees ons, na aanleiding van 'n uitgespoelde gat op die „Colonies Land", dat die landdros en heemrade besluit het om 'n begin met die reparasie van die strate te maak."

I.M.S. wil sy opregte dank en waardering uitspreek teenoor die Senior Argivaris vir die inligting wat hy verstrek en die moeite wat hy gedoen het om dit op te spoor. Dit sal baie interessant wees as daar iemand gevind kan word wat gewillig is om verdere navorsingswerk te doen en presies vas te stel wat die betrokke dele van Stellenbosch is.

6. HANTERING VAN VOEDSEL.

Klagtes oor die onsindelike hantering van kosware, en veral gaar produkte, word dikwels onder die aandag van die raad gebring.

Die regulasies maak voorsiening dat elke winkel so ingerig moet wees dat werkoppervlaktes en gereedskap geskik is en maklik en deeglik skoongemaak kan word. Kosware moet so gestoor word dat dit nie besmet kan word deur stof, vlieë, ens., nie. Persone wat voedsel hanteer moet skoon gekleed wees en met skoon hande werk. Gereelde inspeksies deur die gesondheidsinspekteurs kan verseker dat besighede behoorlik ingerig is, maar dat die hantering altyd sindelik geskied kan 'n beperkte getal beamptes nooit waarborg nie - maar die publiek wel!

Alleen die publiek wat oor die koopkrag beskik, en vry is om te koop waar hul bevrediging kry, kan verseker dat winkeliers die nodige aandag aan die higiëniese hantering van voedsel gee.

Die publiek kan weier om enige kosware te ontvang wat nie behoorlik hanteer of toegedraai word nie, en daardeur sal hul die winkeliers ook wat moeite doen om die publiek behoorlik te bedien en wat aan alle vereistes van sindelike hantering van voedsel voldoen, die aanmoediging en steun gee wat hul toekom.

/MJ